higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N530**(A)**(J15)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENE N6
(Eerste Vraestel)

(10010556)

15 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

VEREISTES: **Antwoordboek en VYF A4-tikpapier (meer moet beskikbaar wees vir rofwerk)**
ALLE vereistes en kunsmedia wat in Modetekene gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 3 bylaes, asook AFDELING A van die tweede vraestel van 1 bladsy.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENE N6
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Maak sketse van AL die tekeninge op die tikpapier wat voorsien is en plak dit in die ANTWOORDBOEK.

4. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A : 50 punte
   AFDELING B : 50 punte
   GROOTTOTAAL : 100 punte

5. Gebruik die croquis wat in BYLAE A en BYLAE B voorsien is.

6. BYLAE C bevat die instruksies vir die TWEEDE VRAESTEL en moet sorgvuldig bestudeer word voordat die TWEEDE VRAESTEL geskryf word. Dit moet NIE tydens HIERDIE eksamen beantwoord word nie.

7. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die sketse hier onder noukeurig en teken geskikte bykomstighede om by albei uitrustings te pas.


Toon slegs EEN nabyskets van die volgende:

1.1.1 Een paar geskikte skoene


1.1.2 Een geskikte hoed

1.1.3 'n Geskikte hangertjie

(3 × 5) (15)



1.2 Bestudeer die volgende sketse en identifiseer die verskillende bykomstighede en besonderhede wat op die uitrustings gemerk is. Skryf die antwoorde langs die nommers (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.



(10 × 1) (10)
[25]

VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende vrae oor Suid-Afrikaanse ontwerpers.

2.1.1 Watter bekende ontwerper het die J&B rare designer-toekenning in 1995 gewen?

2.1.2 Wat is die mees uitstaande kenmerk van Marianne Fassler se ontwerpe?

2.1.3 Watter ontwerper het sy eie etiket geloods vanuit 'n klein winkeltjie in Orange-straat in Kaapstad?

2.1.4 Watter ontwerper se loopbaan is deur Barbra Barnard en die Fair Lady-tydskrif geloods?

(4 × 1) (4)

2.2 Beantwoord die volgende vrae oor internasionale ontwerpers:

2.2.1 Watter ontwerper het die ‘A-lyn’ en die ‘Y-lyn’ van 1955 bekend gestel?

2.2.2 Watter Japanese ontwerper was die prominentste modereisiger, die mees multikulturele en die mees sinkretistiese?

2.2.3 Wie het eksklusiwiteit in sigeuner- en hippiedrag in die era 1968-1975 ingebring?

2.2.4 Watter Duitsgebore ontwerper het oorgeneem by Chanel teen die einde van 1982?

2.2.5 Watter Italiaansgebore Franse ontwerper, wat sy modehuis in 1953 begin het, het gebruik gemaak van onberispelike rantafwerkings soos stikwerk, krae en geskulpte belegsels vir pakke?

2.2.6 Wat is die kenmerkendste eienskap van Coco Chanel se ontwerpe?

(6 × 1) (6)

2.3 2.3.1 Gee 'n ander naam vir ontwerpersketse. (1)

2.3.2 Gee TWEE ander name vir 'n platskets. (2)

2.3.3 Watter TWEE drukmetodes is voorbeelde van reliëfdrukwerk? (2)

2.3.4 Wat is die ander naam vir 'n ontwerpontwikkelingsblad? (1)

2.3.5 Bespreek die term *batik*. (2)

2.3.6 Noem VIER soorte werktuie en materiaal wat nodig is vir sjabloonwerk. (4)

2.3.7 Noem DRIE werktuie en materiaal wat nodig is vir linotipe drukwerk. (3)

[25]


TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3


3.1 Bestudeer die skets hier onder en maak 'n produksietekening van die uitrusting. Toon slegs die vooraansig van die uitrusting wat die model dra. Hou al die vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte.



(25)

Kopiereg voorbehou

3.2 Bestudeer die skets hier onder en maak 'n voorstellingstekening van 'n vroulike figuur wat die uitrusting dra. Toon die vooraansig van die uitrusting in volle kleur en sluit die bykomstighede in wat saam met die uitrusting gedra moet word. Hou al die vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte.




(25)
[50]


TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE A



BYLAE B



BYLAE C

INSTRUKSIES VIR DIE TWEEDE VRAESTEL

1. Gebruik die instruksies in afdeling A van hierdie Bylae C om jou voor te berei vir die formele eksamen van die TWEEDE VRAESTEL.

2. Gebruik die tema wat gegee is om genoeg inligting te kry vir die eksamen wat later volg.

3. Kandidate mag geskrewe inligting, materiaalmonsters, bykomstighede, afwerkings, tydskrifprentjies en ander noodsaaklikhede na die eksamenkamer te bring sodat hulle 'n stel modeborde en -sketse oor die gegewe tema kan maak.

4. Gedurende die vyfuureksamen sal kandidate 'n inspirasiebord en/of ontwerpontwikkelingsblad en/of produksiesketse en/of bykomstighedebord moet maak wat op die gegewe tema baseer is. Die kandidate hoef nie al die sketse in die ontwerpproses te maak nie. Die spesifieke sketse wat die kandidate oor die gegewe tema moet doen, sal aan hulle gegee word aan die begin van die vyfuureksamen.

5. Kandidate MAG nie modesketse of modeborde na die eksamenkamer bring nie. Alle modesketse MOET tydens die vyfuureksamenperiode gedoen word.

6. Die eksamenvraestel bestaan uit DRIE vrae. Dit sluit in DRIE verskillende soorte sketse of borde oor die gegewe tema. Elke vraag of stel modeborde of sketse tel 100 punte. Die tweede vraestel, tel 300 punte.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A VAN DIE TWEEDE VRAESTEL

KANDIDATE MOET DIE INSTRUKSIES OOR DIE ONTWERPTEMA SORGVULDIG LEES.

INSTRUKSIES OOR DIE ONTWERPTEMA

Gebruik die tema 'DIE KONTINENT' as inspirasie vir die nuwe modeneiging. Ontwerp 'n reeks moderne en elegante damesuitrustings om op 'n kutuurdag te dra wat op 'n bekende erfinisterrein gehou gaan word. Jou kliënte is jong modebewuste mense met 'n moderne smaak.

Versamel inligting, materiaalmonsters, tydskrifprente, bykomstighede en ander noodsaaklikhede oor hierdie tema om in die vyfuureksamen wat oor 'n paar dae sal plaasvind te gebruik.

MOENIE enige modesketse of modeborde tydens die voorbereiding maak nie. ALLE tekeninge en modeborde MOET TYDENS DIE FORMELE EKSAMEN gedoen word. Die tipe sketse wat jy moet maak sal aan jou gegee word op die dag van die eksamen.u must make will be given to you on the day of the examination.

Jy sal toegelaat word om alle inligting wat jy ingewin het na die eksamenlokaal te bring, maar geen modetekeninge sal toegelaat word nie. Croquis sal voorsien word.

Jy moet jou EIE tekenpapier en karton om die sketse te maak, voorsien. Karton sal nodig wees vir die finale modeborde. Dit moet A3-grootte wees en die kleur moet die reeks komplementeer om 'n professionele uitkoms te bied.

Netheid, uitleg en aanbieding is belangrike faktore om in gedagte te hou.

Let daarop dat jy alles moet saambring wat jy nodig het om 'n inspirasiebord en/of ontwerpontwikkelingsblad en/of produksiesketse en/of bykomstighedebord te maak. Dit sluit in tekenpapier, karton, kleurmediums en al die inligting wat ingewin is en noodsaaklikhede wat gebruik kan word om die werk so professioneel moontlik af te rond. Elke kandidaat moet ook EEN GROOT KOEVERT (A3) bring om die borde en sketse wat tydens die eksamen gemaak word in te plaas.

Kopiereg voorbehou